

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 4 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 141:1, 3, 5 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –
ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
- 5 'k Voel my aan liefdetug verbonde: / soos hoofsalf vir my hoof is 't my
as die opregte my kasty; / want liefdetug die laat geen wonde.

Gebed

Psalm 51:1, 3 (p. 260)

- 1 Ontferm, o God, ontferm U tog oor my! / Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede, / en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis, / was weg tog, HEER, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is. / Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!
- 3 Dis nie dié sonde^{en}alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtheid gebore,
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.
U eis is waarheid in my binnenst', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!
Daal af in my verborge diepte^{en} leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.

Skriflesing: Genesis 1:26-31; 2:8-17; 3:1-13; Heidelbergse Kategismus, Sondag 3:6, 7

Kernvers: Genesis 1:27, 31; 3:10

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou en Hy hulle geskep.

Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

En die mens het geantwoord: “Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekrui.”

(Genesis 1:27, 31; 3:10 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 6

Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?

Antwoord:

Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom ewig te loof en te prys (c).

(a) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Efes 4:24; Kol 3:10; 2 Kor 3:18.

Vraag 7

Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?

Antwoord:

Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b).

(a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3.

Tema: Nie God nie, maar ons self dra die skuld vir ons sonde

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die drie gedeeltes wat ons vanoggend uit Genesis gelees het, is vir almal van ons baie goed bekend. Van ons eerste katekisasielesse af het ons al die betrokke gedeeltes gelees. En telkens het ons hierdie gedeeltes weer en weer gelees in ons latere jare. Die probleem wanneer iets so goed bekend is by 'n mens is dat jy hoor wat die Here sê, maar nie meer regtig luister na wat Hy sê nie. Vanoggend word ons opnuut met hierdie gedeeltes saam met die ou bekende vrae van Sondag 3 gekonfronteer. Die sondeval en ons eie sonde en ellende is aan ons ook goed bekend. Ons het onself immers verlede Sondag aan die hand van Sondag 2 bekyk soos wat ons as verlore sondaars in die oë van die heilige God lyk. Maar het ons nou al 'n grondige kennis van ons sonde?

Baie maal hoor 'n mens in 'n gesprek iemand sê: Dit of dat is sonde. Of 'n mens hoor iemand sê: Ek is ook maar 'n sondaar. Dit klink asof mense dit so maklik sê; so asof 'n mens se sonde net nog iets is wat tot die mens se alledaagse lewe behoort. Daar is niks besonders of vreesliks daaraan nie. Die woord *sonde* word gebruik, maar die inhoud en diepte en omvang daarvan het vervlak en verflou. Dit kom dan daarop neer dat sonde net iets onaangenaams is en wat 'n mens jammer vind. Die Bybelse dieptedimensie ontbreek in die populêre gebruik van die woord *sonde*.

Maar daar is nie net hierdie oppervlakkige beskouing van sonde nie. In die hedendaagse samelewing is daar ook 'n weersin in en afkeer van die woord *sonde*. Hierdie beskouing hang saam met die weerstand by baie mense teen die evangelie. Sonde word geassosieer met somberheid en treurigheid. Die mens van die een en twintigste eeu wil nie graag treurig wees nie. Nee, hy wil eerder

blydskap en vrede beleef. Daar moet eerder gelag as gehuil word. En as jy van sonde begin praat, voel die mens te na gekom, want met die begrip *sonde* word daar gefokus op die negatiewe. Sommige reken dat die leer oor die sonde die mens sy plesiere in die lewe wil ontnem. Sulke mense hou die kerk verantwoordelik vir die onderdrukking van die mens se genot. Daarom het hierdie mense 'n weersin in die woord *sonde*.

Om ons daarvan te weerhou om oppervlakkig na die sonde te kyk of 'n weersin te kry in die leer oor die sonde, lei die Heilige Gees ons om aan die hand van Sondag 3 terug te gaan na die Skrif en in besonder na die openbaring aangaande die skepping van die mens. Ons moet weer gaan kyk en luister hoe God die mens geskep het, met ander woorde, in watter hoë posisie die mens was teenoor waar die mensdom hom vandag bevind. Dan sal ons weer besef hoe wreed en vreesaanjaend die sonde werklik is.

Broers, susters en kinders, ons hoor elke dag van die een of ander ramp wat iewers op die aarde plaasvind en groot verdriet en ellende veroorsaak. Sulke rampe en die ellende wat daarop volg, haal gewoonlik die voorblaaie van ons koerante. Daar is egter geen ramp wat naastenby so groot en omvangryk is soos die sondeval nie. Die ramp van die sondeval is immers die oorsaak van alle rampe en ellende waarvan ons in die nuus lees en hoor. Die smartlike gevolge daarvan raak elke mens wat op die aarde was, is en sal wees van die skepping af tot en met die wederkoms van Christus.

Ons is so erg in ons wese deur die sondeval en sy gevolge getref dat ons nie eers meer die eenvoudigste gebod van God kan onderhou nie. Ons kan nie meer God en ons naaste liefhê nie. Ons geaardheid is een van haat. Daarom het ons in antwoord 5 van ons Kategismus bely: ***Ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat.***

Maar dit maak nie saak hoe erg die mens al deurgeloopt het as gevolg van die ramp van die sondeval nie, hy sal alewig die een of ander uitweg soek sodat hy nie so sleg en skuldig lyk nie. Of miskien is dit juis omdat die mens so diep in sy wese deur die sonde getref is dat hy eerder die oorsaak vir die sonde en ellende buite homself wil soek? By hierdie swakheid van die mens sluit ons Kategismus aan wanneer daar gevra word: ***Het God dan die mens so sondig en verkeerd geskep?*** Is dit nie eerder God se skuld dat ons so sondig is nie? Hy het ons mos geskep. Vir die mens in sy sondeverlorenheid lyk die skepping van die mens die logiese plek om te begin soek na die oorsaak vir sy bese geaardheid.

Nog voordat 'n mens behoorlik op die vrae kan antwoord, is daar verwaande sondaars wat jou in die rede val en ons God met hulle woorde aanval: As God dan almagtig en vol liefde is, waarom het Hy nie 'n beter wêreld, met name, beter mense geskep nie? Die mens wil nou maar eenmaal nie pa staan vir sy eie skuld nie. Daar moet altyd iemand anders gesoek word wat eerder die skuldige is. Dit het al in die tuin van Eden gebeur. Adam het Eva die skuld gegee en daarby ook die Here beskuldig, want hy sê:

Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet. (Genesis 3:11 AFR83)

Die Heilige Gees wil ons egter keer om toe te gee aan ons natuurlike geaardheid om God die skuld te gee vir ons ellende. Daarom lei Hy ons terug na die Woord waarin ons die betroubare getuigenis van God se werk vind. En ons lees in die heel eerste hoofstuk dat God nie sondige en verkeerde mense geskep het nie. Trouens, Hy **het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou en Hy hulle geskep** (Genesis 1:27 AFR83). En as God aan die einde na sy skeppingswerk kyk, sê Hy self: **Dit was baie goed** (Genesis 1:31 AFR83). Ja, ook die mens – man en vrou – was baie goed, want hulle is dan God se ewebeeld.

Dat die mens na die ewebeeld van God geskape is, beteken: God het die mens ***in ware geregtigheid en heiligheid geskep, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.***

Adam en Eva het met hulle wil in alles met die wil van God ooreengestem. Hulle het presies geweet wat reg en goed en heilig in God se oë is, want daar was nie sonde in hulle wat hulle verstand verduister het nie. En as die eerste twee mense maar daarby gebly het, sou hulle nie net vir God nie maar ook mekaar en die kinders wat uit hulle sou voortkom volmaak kon liefhê. Dit sou dan verseker salig gewees het. Maar die mens wou nie daarby bly nie. Soos die skrywer van die boek Prediker sê:

God het die mense goed en opreg gemaak, tog het hulle hulle besig gehou met allerlei slimmighede. (Prediker 7:29 AFR83)

Maar, geliefdes, ons mense laat ons nie so maklik van stryk bring nie. Om ons verder te verontskuldig, vra ons graag: Waarom het God die mens dan gemaak om in die sonde te val? As God dan wil hê dat die mens Hom moet liefhê en regverdig en heilig lewe, waarom het Hy dan nie die mens so geskep dat hy net die goeie wil en kan doen nie? Dan het ons nou in 'n vredevolle wêreld gelewe.

Dit sou voorwaar 'n vredevolle wêreld gewees het, waar blomme net 'n lieflike geur versprei, wilde diere geen wreedheid ken nie, en ander mense nooit 'n woord sê wat jou seermaak nie. Maar God het in sy volmaakte en alwyse liefde 'n wêreld uitgedink en uitgespreek wat wel anders kan wees, en wat vrywillig vir God en sy geregtigheid en liefde kies.

God het die mens geskep om Hom vrywillig lief te hê en te dien. Net vrywillige liefde en diens het voor God regtig waarde. Die gehoorsaamheid van die plante, diere en berge verkondig wel God se almag. Maar dit is 'n gehoorsaamheid wat ingeskape is. God het nie aan hulle 'n eie wil gegee nie. Plante en diere is in hulle DNS geprogrammeer om die Skepper te gehoorsaam. Aan die ander kant is die gehoorsaamheid van die mens wat wel in staat was om sonde te doen, maar ook daarteen kon kies om God vrywillig lief te hê en te dien. Dit is die gehoorsaamheid wat ons God se Vaderhart beweeg. Ons kan dit met die volgende vergelyk: 'n Ma is duisend maal meer verheug oor die gehoorsaamheid van haar kind as oor die gehoorsaamheid van haar stofsuiers of wasmasjien.

Toe God die mens na sy beeld geskep het, het Hy bedoel dat die mens Hom vrywillig sal liefhê. Omdat God die mens goed, reg en heilig geskep het, het Hy die proefgebod waarvan ons in Genesis 2 lees, gegee:

Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.
(Genesis 2:16-17 AFR83)

Adam en Eva het alles gehad om aan God se Woord gehoorsaam te bly. Juis omdat God alles aan hulle gegee het om gehoorsaam te bly, het Hy die volste reg gehad om te verwag dat hulle vrywillig aan Hom gehoorsaam sou bly.

Dus, geliefde broers, susters en kinders, dit is nie God se skuld dat ons vandag sondaars is nie. Hy het ons eerste voorouers in ware geregtigheid en heiligheid geskep. Hy is immers die goeie en regverdige God wat net die beste aan sy skepping en skepsels gee. En as Hy iets eis, dan het Hy reeds die gawe gegee om aan daardie eis te kan voldoen. Hy het vrywillige gehoorsaamheid van Adam en Eva geëis en hulle kon dit doen, want hulle was in ware geregtigheid en heiligheid geskep.

In hierdie hoë posisie was die mens die kroon van God se skepping omdat God die mens in so 'n hoë posisie wou hê. Dit wil sê, iemand anders as God moet die skuld dra vir die sonde en ellende waarin ons onself vandag bevind. God het die mens nie van hierdie hoë posisie afgestamp nie.

Daarom kom die volgende vraag tot ons: **Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?** Dan bely ons in ons antwoord: Die verdorwe natuur van die mens kom **van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys.**

God het sy eer daarin gestel dat die mens aan Hom gehoorsaam sal bly al is hy in staat om anders op te tree. Daarom het God die proefgebod aan die mens gegee: Van die boom van alle kennis mag hulle nie eet nie. Adam en Eva het nie nodig gehad om uit ondervinding te leer wat goed en sleg is nie. In sy goedheid en liefde het God vir hulle gesê dat dit sleg sal wees om van die verbode vrugte te eet. En aanvanklik het hulle God vertrou en Hom gehoorsaam. Soos 'n kind afhanklik van sy ouers is om vir hom die gevare uit te wys, so was Adam en Eva afhanklik van God.

Maar dan hoor ons in Genesis 3 hoe die allerverskriklikste ramp God se skepping getref het. Voordat Adam en Eva ongehoorsaam geword het, was die kwaad al daar. Satan het toe reeds teen God in opstand gekom en ongehoorsaam geword aan God sy Skepper. En met behulp van die slang kom hy om ook die kroon van God se skepping te lok om van die hoë posisie af te spring.

Die duiwel begin om met Eva te gesels. In die gesprek beoog hy om Eva se verbeelding op te wek tot die verleiding. Haar verbeelding is opgewek deurdat die duiwel die gebod van God in twyfel trek. Luister net na die slang se woorde:

Julle sal beslis nie sterf nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken. (Genesis 3:4-5 AFR83)

Toe Eva se verbeelding eers geprikkel is, het dit met haar begeerte verenig en sy het van die vrugte gevat en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee en hy het geëet.

Die feit dat die mens verlei is, verminder nie hulle skuld nie. Hulle het immers alles gehad wat nodig is om te weet dat hulle nie van die boom se vrugte mag eet nie. En die sondeval was ook nie maar net 'n kleinigheid van 'n happie aan 'n vrug nie.

Met die pluk van die vrug en die eet daarvan het die mens agter die lokstem van die duiwel aan gespring. Hulle het gespring om soos God te wees. Die reg om self te beoordeel of iets goed of sleg is in verhouding met homself, het die mens vir homself toegeëien. God alleen het die reg om te oordeel of iets goed of sleg is. Dit wat ooreenkom met God se goeie wil en aard, is goed. Dit wat teen God se goeie wil en aard is, is sleg. In die gesprek met die Satan het Eva haar vertrou in God en sy volmaakte oordeel weggetrek – nie om haar vertrou in die Satan te stel nie maar in haarself. Die mens wil self beoordeel of iets goed of sleg is en hom so op een lyn met God stel. Dit het die mens gedoen in plaas daarvan om God as God te erken en die grense wat God gestel het te eerbiedig.

Daarom bely ons: Die sondeval was nie sommer net 'n onskuldige struikeling nie. Dit was nie net 'n val nie; dit was moedswillige ongehoorsaamheid. Moedswillig het hulle aan die duiwel se leuen deelgeneem en hulleself op een lyn met God probeer stel.

Dus, liewe broers, susters en kinders, die mens dra self die skuld vir die sonde en ellende waarin ons onself vandag bevind. Die mens het homself beroof van die goeie gawes wat God aan hom gegee het omdat hulle eerder na 'n skepsel as na die Skepper wou luister. Wat die gevolge van die sondeval is en hoe diep die mens geval het, beleef ons elke dag van ons lewe.

Ten slotte moet ons die volgende onthou. Deur die sondeval is die beeld van God in die mens erg geskend. Dit is so erg geskend dat ons nou van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Maar omdat God nie dit vir die mens bestem het nie, het Hy sy Seun op die bestemde tyd gestuur.

Hy het mens geword. En Jesus Christus het Homself aan die wil van sy Vader onderwerp. Hy het al die sonde en ellende van die mens aan sy eie liggaam en siel ervaar. Hy is ook deur die Satan verlei om teen God se wil te handel.

Ons noem net twee geleenthede waar dit gebeur het. Die eerste geleentheid was net nadat Jesus gedoop is. Deur die duiwel is Hy vir veertig dae lank in die woestyn versoek. Maar met die Woord van die Here het Jesus die aanvegtinge van die Satan afgeweer. En die tweede geleentheid was toe Jesus reeds aan die kruis gehang het. Toe het die duiwel met die hulp van die skrifgeleerdes Jesus verlei om van die kruis af te kom. Hy is dan die Seun van God en by magte om Homself van die kruisdood te verlos.

Ja, Jesus was by magte om van die kruis af te kom. Maar sy liefde vir sy Vader en sy Vader se wil en sy liefde vir God se kinders het Hom daar aan die kruis vasgehou. Sodoende het Hy ons liggaam en siel van die ewige dood en die duiwel se heerskappy verlos om die beeld van God wat in ons geskend geraak het, te herskep. Hy het sy Heilige Gees gestuur om ons voortdurend te herinner aan die wil van God soos dit geskryf staan in die Bybel.

Deur hierdie liefdevolle sorg van God bring Hy ons weer daartoe om Hom en ons naaste lief te hê en te dien. En as die verleidings en versoekings op ons aanstorm, gee ons nie toe en sê dit was 'n onskuldige struikeling nie. Ons bid dat die Gees ons sal versterk en laat beseft dat die sonde nie net 'n onaangenaamheid is nie. Sonde is geweld teen God, want deur die sonde te doen eer en dien ons die duiwel in plaas van God.

Mag die Here ons wakker skud, sodat ons sal ophou om oppervlakkig en soetsappig oor die sonde te praat en daarmee om te gaan. 'n Manier om die sonde aanhoudend te sien soos wat dit regtig is, is om deur die kragtige werk van die Heilige Gees vas te hou aan ons enigste troos in lewe en in sterwe – ons behoort in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan ons troue Verlosser Jesus Christus wat ons met sy kosbare bloed uit die mag van die sonde en die heerskappy van die duiwel verlos het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1, 3 (33:1, 3)

- 1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.
- 3 Wie die Midd'laar se verskyning / inwag uit die heiligdom,
soek van harte die verreining / wat daar uit sy sterwe kom.
Teen die sonde duur die stryd: / "Sonde is ongeregtigheid!
Maar ons lewe uit God gebore, / is tot heilig-wees verkore!"

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.